POLICY 017/2015 RAADSBELEID

ONDERWERP: TERUGBETALING VAN DEPOSITO'S EN HUURGELDE : EILAND VAKANSIEOORD

VERWYSING: 17.7.3.1.1.1

BESLUIT NR: 23/05.1/2015 (SRV) DATUM: 13 Mei 2015

BELEIDSOOGMERK: Om te verhoed dat die Raad skade sou lei indien besprekings gekanselleer word.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om die Eiland Vakansie-oord op ‘n finansieel gesonde basis te bestuur.

RIGLYNE
1. Dat ‘n deposito van 50% van die totale huurgeld gehef word.

2. Deposito's is terugbetaalbaar slegs in die volgende gevalle:-

2.1 Dood.

2.2 Siekte.

2.3 Kansellering van verlof of ander geldige redes buite die beheer van die huurder

2.4 Ontevrede kliënte wat nie meer by die Eiland Vakansie-oord wil oornag.

3. Deposito's is slegs terugbetaalbaar, indien die bespreking ten minste **7 dae vóór** die aanvang van die verblyf gekanselleer word, behalwe in die geval van 2.4 hierbo vermeld.

4. **Tien persent (10%)** van alle deposito's/vooruitbetaalde huurgeld word in alle gevalle by kansellasie teruggehou om administratiewe kostes te dek.

5. Staatsdepartemente moet 100% van huurgeld betaal alvorens besprekings aanvaar sal word.

6. In die geval waar die huurder ‘n kliënt van Munisipaliteit //Khara Hais is en die kliënt se verbruikersrekening is agterstalling, sal die deposito aangewend word teen die verbruikersrekening en die verskil, indien enige, sal daarna aan die kliënt terugbetaal word.

PROSEDURE
1. Skriftelike versoeke om terugbetaling van deposito's/vooruitbetaalde in terme van punte 2.1-2.3 van die riglyne hierbo vermeld, met die verstrekking van redes, moet by die Bestuurder: Oorde gedoen word.

2. Terugbetaling van depositos in gevalle 2.1-2.3 van die riglyne hierbo sal slegs geskied met die voorlegging van nodige skriftelike bewyse, byvoorbeeld doodsertifikate, doktersbewys, ensovoorts, geskied.

3. Staatsdepartemente moet huurgeld elektronies aan die Munisipaliteit betaal en bewys daarvan moet aan die Eiland Vakansie-oord gefaks of per e-pos gestuur word.

4. Aansoeke om die terugbetaling van deposito's en/of huurgelde moet aan die Senior Bestuurder: Heffings & Invorderderings voorsien word vir kontrolering met die kliënt se verbruikersrekening.

5. Die Senior Bestuurder: Heffings & Invorderings kontroleer of die kliënt 'n verbruikersrekenings by die Raad het, en indien wel, word die uitstaandes van die deposito en/of huurgelde verhaal. Die verskil, indien enige, word aan die kliënt terugbetaal.

ROLLE
Senior Bestuurder: Invordering & Heffings
Die Hoofbeampte : Oorde
Senior Klerk

VERWANTE BELEID
Tariefbundel

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in die verband herroep word.